PREEKNOTA

Datum: 12/02/2023

1. Het jy al ooit gedink hoe vreemd dit sou wees as Maandae almal se gunsteling dag was?

2. Wat moet vir jou verander, om anders te kan voel oor jou Maandag-oomblikke?

Romeine 12:1-2 (NLV) [1]Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. [2]Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.

3. Wat leer Jesus ons oor Maandag-oomblikke?

Lukas 18:9-14 - Die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar.

Spreuke 4:23-27 (NLV) [23]Bo alles, wees versigtig met wat in jou hart aangaan. Wat jy dink, bepaal alles wat jy doen. [24]Moenie lelike dinge sê nie. Bly ver weg van lawwe praatjies. [25]Kyk reguit vorentoe; bly gefokus op wat voor jou is. [26]Merk jou pad vir jou duidelik af, dan sal jy seker wees waarheen jy gaan. [27]Moenie links of regs van jou koers afwyk nie. Bly weg van wat verkeerd is.

Johannes 13:5-9 (NLV) [5]Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om die dissipels se voete te was en af te droog met die doek wat om Hom vasgebind was. [6]Hy kom toe by Simon Petrus, wat vir Hom sê: "Here, gaan U my voete was?" [7]Jesus antwoord hom: "Wat Ek besig is om te doen, verstaan jy nie nou nie, maar wanneer alles verby is, sal jy dit verstaan." [8]Petrus se onmiddellike reaksie was: "U sal tot in ewigheid nooit my voete was nie!" Jesus antwoord hom: "As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie." [9]Simon Petrus vra Jesus toe: "Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en kop."

As jy nie jou Maandag oorgee nie, kan Jesus nie deel van jou hele week raak nie.

4. Wat sal verander, as jy kies om elke dag soos 'n diensknecht te dink?

a) Jy sal in eenheid met Jesus leef en vrede beleef.

Efesiërs 4:21-24 (NLV) [21]Julle het tog van Hom gehoor. Julle het tog aangaande Hom onderrig ontvang volgens die waarheid wat daar by Jesus is. Julle het tog in julle eenheidsband met Jesus die waarheid geleer, [22]naamlik dat julle, wat julle vroeëre leefstyl betref, die ou, sondige mens soos vuil klere moet uittrek. Bedrieglike begeertes laat hierdie mens te gronde gaan. [23]Julle moet op 'n nuwe, geestelike manier leer dink. [24]Ja, trek die nuwe mens soos skoon klere aan, die mens wat na God se beeld geskape is: iemand wat werklik reg lewe voor God en werklik aan Hom toegewy is.

b) Jy sal God se goedheid in elke dag raaksien.

Matteus 6:31-34 (NLV) [31]"Moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat sal ons tog eet?' of: 'Wat sal ons drink?' of: 'Wat sal ons aantrek?' nie. [32]Dit is die ongelowiges wat oor hierdie soort dinge begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. [33]Nee, maak die koningsheerskappy van God en dit wat voor Hom reg is, julle prioriteit; dan sal God vir julle al hierdie ander dinge byvoeg. [34]Moet julle daarom nie oor môre bekommer nie. Môre sal sy eie bekommernisse bring. Vandag se moeilikhede is vir een dag heeltemal genoeg."

5. Hoe lyk jou gedagtes oor jou week?

Filippense 4:6-9 (NLV) [6]Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. [7]En God se vrede, wat meer is as wat 'n mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is. [8]Ten slotte, broers en susters, vul julle gedagtes met alles wat waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik en lofwaardig is. [9]En leef volgens alles wat julle van my geleer, oorgeneem, gehoor en gesien het. Dan sal die God wat vrede gee, by julle wees.

PERSOONLIKE NOTAS

Om hierdie elektroniès in te vul, laai asb die Adobe Acrobat App of

https://apps.apple.com/za/app/adobe-acrobat-reader-for-pdf/id469337564 Link vir Apple iStore

https://play.google.com/store/apps/details?id=com.adobe.reader Link vir Google Playstore

Dienste word aanlyn uitgesaai op Facebook en YouTube
asook op IFM 102.2 en via klankstroom op www.ifmradio.co.za / www.kg.org.za

KONTAKPERSONE:

Gemeenteprendikant:
MARIUS MALAN - 082 804 0436
mariusk@kg.org.za

Gemeentebestuurder:
RIAAN PELSER - 082 775 7147
riaanp@kg.org.za

Faktotum:
ANDRÉ VAN DER WALT - 073 960 9499
andre@kg.org.za

PREDIKANTE:

13 jaar: KATIE REIMERS
016 004 0016 : katie@kg.org.za

14 - 18 jaar: DANIE BLOEM
078 497 6057 : daniel@kg.org.za

19 - 24 jaar: TOMMIE ARPIN
082 342 6245 : tommie@kg.org.za

25 - 29 jaar: JONATHAN MÜLLER
064 658 6636 : jonathan@kg.org.za

30 - 39 jaar: KRUGER RAUTENBACH
072 210 1044 : kruger@kg.org.za

40 - 49 jaar: EDOHAN BURGER
084 570 0669 : edohan@kg.org.za

50 - 59 jaar: NICO VAN AS
082 973 3895 : nico@kg.org.za

60 jaar en ouer: KOOS JOOSTE
084 277 7770 : koos@kg.org.za

Hoek van Ravel- en Abrahamstrate
Mantevrede, Vanderbijlpark
016 004 0016 / navrae@kg.org.za

KONTANTLOSE BYDRAES

BANKREKENINGHEDE:
Kompos Gemeente
Eerste Nasionale Bank
Rekeningnommer: 62609813844
Takkode: 250 655